

# “DIE BLINKKLIPPIE”

WEEKLIKSE NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK POSTMASBURG

(Jaargang 24 - nr. 16)



14 April 2024

**EREDIENS dr. Petrus Venter**

Erediens – 9h30

## LITURGIESE GEGEWENS

Skriflesing: 1 Timotheus 4: 6 - 16

Teks: 1 Timotheus 4: 16

VOORAF SANG: Ps. 105: 1,2

TYDENS EREDIENS: Ps. 98: 1, 4;

Ps. 139: 1, 12; Sb. 12-3: 1, 2;

Sb. 5-1(56): 1,2,3,4

TEMA: Let op jou godvresende lewe dan sal daar na jou ware leer gekyk kan word.

1. Let op jou lewe
2. Let op jou leer
3. Jy sal jousef en ander red

*16 Let goed op jou lewe en jou leer, volhard daarin, want deur dit te doen, sal jy jousef red sowel as dié wat na jou luister (83 Vert).*

*16 Let op jousef en op die leer; volhard daarin; want deur dit te doen, sal jy jousef red sowel as die wat jou hoor (1933 '53 Vert).*

*16 Wees noulettend op jousef en die leer; volhard daarin; want sodoende sal jy jousef red en ook hulle wat na jou luister (2020 Vert).*

Vooraf sang: Ps. 105: 1,2

## Ontmoetingsdiens

Votum

Lofsang: Ps.98: 1,4

## Geloofsbelydenis

Wet

Sing: Ps. 139: 1, 12

## Woorddiens

### Gebed

Sing:

Ps. Sb. 12-3 1,2

Skriflesing: 1 Timotheus 4: 6 – 16

Teks: 1 Timotheus 4: 16

## Preek

Let op jou godvresende lewe dan sal daar na jou ware leer gekyk kan word.

Dankgebed

Kollekte

Liefdesdiens kollekte – Diakonie (DVB)

By die deure – Sustentatie klassis

## Slotsang

Sing-

Sb. 15-1 (56): 1,2,3,4

Wegstuurseën

## KOLLEKTES

### Vandag

In die banke: DVB (Diakonie)

By die deure: Sustentasië klassis

### Sondag 21 April 2024

In die banke: DVB (Diakonie)

By die deure: Kerklike tydskrifte

## WYK – DIENSBEURT

Sondag – 14 April 2024 Wyk 2

Ouderling: Ferreira Meyer

Diaken: Vakant

## VERJAARSDAE

11 April Viljoen v/d Walt

15 April Kosie Venter

16 April Piet Viviers

20 April Ruwan Muller

21 April Lisa Reinecke

27 April Zaan Meyer

27 April Annelie Williams

29 April Cecile de Kock

Mag u 'n geseënde nuwe lewensjaar ingaan met die volle oortuiging dat ons tye is in die Here se hande.

## LIEF EN LEED

Almal wat in hierdie tyd ongestel is, operasies ondergaan het of nog moet ondergaan, ons bid u Gods seën op 'n spoedige herstel toe.

Br Nico Badenhorst is ook in ons gebede. Hulle het die afgelope week met die Bragi behandeling begin vir die kanker wat hy het. Ons is dankbaar die eerste deel het goed afgeleë en hy weer tuis kan wees.

Sr Fransie Venter gaan DV 17 April ook vir toetse in haar gesondheid. Ons vertrou die uitslag ook in haar guns mag wees. Ons bid dat die Here haar ook in die dae naby sal wees.

Sr Marie Nel bly in ons gebede waar haar gesondheid onder druk verkeer. Tans is sy by haar kinders vir versorging. Ons dink aan haar en hulle wat haar moet bystaan die Here se besondere nabyheid toe.

Sr Daleen Erasmus bly in ons gebede. Onder omstandighede gaan dit met haar goed. Sy is besig om in Rehab te herstel. Ontvang deurlopend fisioterapie.

Br Pieter du Plessis bid ons volkome herstel toe na sy rugoperasie. Daar was terugslae. Ons vertrou hy nou volkome mag genees.

## OORSIGTELIK FINANSIËLE STAND VAN GEMEENTE

Dankoffers ontvang in vorige finansiële jaar	R618 255-00
Totaal van dankoffers vir huidige boekjaar	R134 485-00
Totaal van dankoffers vir Maart 2024	R66 560-00
Totaal van dankoffers vir April 2024 tot op hede	R67 925-00
Kermis inkomste vir 2023	R251 334.41
Werklike inkomste vorige finansiële jaar	R 1 275731-25
Werklike uitgawes vorige finansiële jaar	R 1 381992-41
Ramings per lidmaat per jaar (ingesluit Klassis en Streeksinode)	R670-00 per lidmaat per maand

Voorsitter is oudl. Albertus Viljoen (082 808 4168)

## DANKOFFERS

U kan die Bybelse beginsels en dit wat 'n prinsipiële uiteensetting van die opdrag tot 'n dankbaarheidslewe en dit wat ons dankoffers moet wees, van ons webwerf aflaai.

U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2D0uRqf>

Laat ons asseblief met die nodige erns wat ons voor die Here hiermee moet werk dan wel hieraan aandag gee. Ons dankbaarheid voor die Here moet altyd eerste staan. **Ons het ook 'n nuwe artikel in die verband bygevoeg. Wyle ds. Ben Fourie het ook baie goed die saak kon uiteensit.** U kan dit lees by

<https://bit.ly/3j1e2xT>

## ALGEMENE KERKNUUS

### GKSA NUUSBROKKIES

Gaan laai gerus nuusbrokkies van ons webwerf af. Die jongste beroepenuus en vele meer is daarop beskikbaar soos weekliks aan ons deurgestuur. U kan dit van ons webwerf aflaai by: <http://bit.ly/2SxThy0>

## KATEGESE

Laerskool kategese gaan vandag voort.

Ons Hoërskool -katisante is daar op 9 April 2024 'n YouTube opname gemaak en nuwe les is deurgegee. Die laaste les is beskikbaar by <https://youtu.be/ZkziuOfIYi4> Al die lesmateriaal vir ons Hoërskool jeug is ook op ons webwerf beskikbaar. Die Geloofsleer boek waaruit hoofsaaklik gewerk word kan by <https://bit.ly/3RdpJDz> afgelaai word. Ons sal DV weer rondom 23 April die volgende les hanteer.

## BYBELSTUDIE - <https://youtu.be/TPKsvWDgnCs>

Ons het ons Bybelstudies rondom die groot tema van Gebede uit die Here se Woord afgesluit. Ons het na 30 gebede in die reeks gekyk. Die laaste Bybelstudie was 'n gebed van die Heilige Gees Self. *Amen, Kom Here Jesus* U kan in die Bybelstudie deel by <https://youtu.be/TPKsvWDgnCs>

## HUIS JAN VORSTER (HJV)

Ons is dankbaar dat u die belange van hierdie tehuis ook in u hart, gebede en beursies met u saamneem.

## VSOD (VERENIGING VIR SENDING ONDER DUITSSPREKENDES)

Ons as gemeente is op 'n besondere wyse met die roeping en sendingwerk van dr. Victor d'Assonville in Duitsland verbind. Hy is deur ons ingevolge Artikel 7 Kerkorde beroep en na Duitsland gestuur. Hy is tans rektor by 'n Teologiese Skool in Duitsland. Laat ons voortdurend sy roeping en werk biddend voor die Here bring en dat dit geseënd mag wees. As u meer wil uitvind oor die kerklike toestande in Duitsland en die groot nood dat teologiese opleiding aldaar moet kan plaasvind gaan na [www.vsod.co.za](http://www.vsod.co.za). Op Facebook kan u gaan na [bit.ly/2OoU0nf](http://bit.ly/2OoU0nf)

Die VSOD stel ons in Postmasburg in staat dat daar volhoubaarheid in die werk kan wees. As u dit oorweeg om ook finansiële tot hierdie baie groot opdrag by te dra, al is dit dalk net met 'n R100 per maand, kontak asb. vir dr. Petrus.

Ons dink ook aan die gevaarlike verwickelinge aan die Oos-Europese grens op die stadium. Daar is deur dr. d'Assonville al op 'n besondere wyse ook in die Oekraïne gewerk en na gereformeerdes in die geweste uitgereik. Ons dink aan ons mede-broeders en susters in die oorlogsgebeure in hierdie land.

Dit is met dankbaarheid dat ons besef daar is heelwat gemeentes en individue wat hierdie bediening volhoubaar ondersteun. Ons vertrou dat nog meer gemeentes betrek kan word.

## ETIESE SAKE

Daar is 'n nuwe afdeling op ons webwerf bygevoeg met die bedoeling dat ons as gelowiges toegerus mag word om oor hierdie sake weer grondig na te dink en om onself daarvoor te verantwoord. Dit sluit in ou sake maar wat nuut oor gedink moet word. Onder andere ons beskouing oor ons huwelikslewe en gesinslewe. Dit gaan ook oor saamwoon vóór die huwelik.... Ons het die publikasie van prof. PW Buys rondom DANS – 'n gereformeerde etiese-studie ook opgelaai

U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2Q0Ccw1>

## KERKRAADSAKE

### VERGADERINGS:

Diakonievergadering – 19 Mei 2024  
Kerkraadsvergadering- 19 Mei 2024  
Dorkasvergadering- 19 Mei 2024

## KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Postmasburg  
Posbus 74 Postmasburg  
E-pos: [admin@gksa-postmasburg.co.za](mailto:admin@gksa-postmasburg.co.za)  
Tel: 053 313 3710

Landlyn Pastorie: Tel: 053 313 0571 **Nuwe selnommer 064 558 7204** (Oue werk ook nog!)

Predikant	Dr. Petrus Venter	084 704 2348	ds@gksa-postmasburg.co.za
Skriba	Oudl. Leendert Snyman	083 286 8496	leendert270@gmail.com
Admin Beampste	Vakant	084 704 234 8	admin@gksa-postmasburg.co.za
Voorsitter: Diakonie	Diak. Johan Reinecke	082 579 8572	johanreinecke@yahoo.com
Koster	Br. Francois Marais	076 612 2255	
Kassier	Oudl. Albertus Viljoen	082 808 4168	ajviljoen@soetfontein.co.za
Sendeling	Dr. Victor d'Assonville	0049 1755063249	vicdas@rtsonline.de

**Ons gemeente se webwerf en facebook-blad is soos volg:**

<http://www.gkpostmasburg.weebly.com>

<http://bit.ly/2Ydk7wK>

## STATISTIEKE VORIGE SONDAE

Erediens bywoning 7/4	<b>29</b>
Kollekte Diakonie 7/4	<b>R918-00</b>
Kollekte (Deure) 7/4	<b>R656-60</b>
Dorkas susters met Nagmaal-ete 25/2	<b>R460-00</b>
SnapScan en elektroniese bydraes diakonie	

## GEREFORMEERDE KERK BANKBESONDERHEDE – ALLE REKENINGE BY ABSA

Rekening	Rekeningnommer
Kerkkas	2130-3400-35
Diakonie	2130-28-0008
Dorkas-susters	407-382-6782



**Jy kan al die bloeisels van jou lewensboom in die lentedae van jou jeug afpluk maar dan moet jy nie vrugte verwag in die wintertyd van jou ouderdom nie. En daar is maar één boom, één bloeityd, één vrugtetyd. (CJ Langenhoven).**